

**8 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 29:1-19 (NAV)**

**FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 29:2-3**

### **My hartsgesindheid teenoor God en sy kerk**

“Met alles in my vermoë het ek vir die huis van my God materiaal gereed gebring...

“Omdat die huis van my God my na aan die hart lê, skenk ek ook nog...”

Nadat Dawid die ark na Jerusalem gebring het, vra hy vir die profeet Natan of hy maar vir die Here 'n tempel kan bou. Natan sê eers “Ja”, maar die Here stuur hom terug om vir Dawid te sê, “Nee!” Dawid het te veel bloed vergiet in sy lewe. Op die oomblik dat die Here Dawid se versoek weier, word Dawid se gesindheid teenoor God en die tempel wat hy wou bou, op die proef gestel. Gaan hy hom onttrek en afgehaal en vies wees? Wou hy die tempel bou vir eie prestasie en roem? Dawid se optrede volgens 1 Kronieke 29 getuig van iets heeltemal anders. Met alles in sy vermoë bring hy soveel moontlik materiaal bymekaar om dit vir sy seun makliker te maak om die tempel te bou. Dan spel hy sy gesindheid teenoor die huis van die Here uit. Dit wat hy volgens vers 3 sê, kan vertaal word met: “Ek het die huis van die Here in my hart laat kruip!” Of: “Ek het myself uit my hart uit verantwoordelik gemaak vir die huis van die Here!”

My gesindheid teenoor God en sy kerk en sy koninkrykswerk word bepaal deur my eie besluit. Laat ek die Here se huis in my hart kruip? Of staan ek koud, krities en afsydig op 'n afstand en kyk? Wanneer ek my hart aan God en sy dinge gee, groei my vrymoedigheid om voor God se aangesig te verskyn.

*Dr Gert Breed (Randburg)*